

CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep



Oktober 2016 No. 72

INSETKOSTE BESPARINGS: WENKE VIR CANOLAPRODUSENTE

Chris Cumming: PNS konsultant

’n Oudkollege, goeie vriend en top landbouchemiese agent het my nou die dag aan die dink gesit. Hy het die stelling gemaak dat meeste van die canolaprodusente wat hy bedien, vyf jaar laas teen insekplae gespuit het.

Dit het gemaak dat ek Caledon toegery het om oor ’n koppie koffie met Robert Bosch, Viking agent, te gesels oor hoe hy dit regkry. Ek het kennis gemaak met Robert se waarnemingsvermoë ’n klomp jare terug met die eerste ernstige slakprobleme. Ons het laataand tot donker op ons knieë in Heinrich Schonfeldt se lande rondgekrui op soek na die oorsaak van die kaal kolle wat oornag tevoorskyn gekom het.

Robert het in sy dae by Hoechst kennis gemaak met die konsep van geïntegreerde plaagbeheer en die benutting van predatore en parasiete om insekpopulasies in toom te hou. Hy

het dit begin toepas by voortreflike produsente wat bereid was om, ten spuite van bure wat gespuit het vir peste en plae, vas te byt en die natuur eers ’n kans te gee. Geleidelik het hy dit reggekry om, met die uitsondering van slakbeheer, enige bespuiting van insekmiddels na ’n geskatte 5% van die oppervlakte wat hy bedien oor die afgelope 5 jaar af te kry.

Hoe het hy dit reggekry?

Hy monitor die canola op ’n gereelde basis, bly op hoogte van die infestasievlakke van peste en plae sowel as die teenwoordigheid van vriendelike insekte. Hierdie natuurlike vyande (insekte wat op ander insekte voed) sluit in onder ander kewers (lewensheersbesies), parasiete (wespe en sweefvlieë), goudogies, spinnekoppe en vele meer. Hy weeg dan al die faktore wat ’n invloed op die besluit of ’n bespuiting regverdig is op, wat die volgende insluit:

- ❖ Stadium van die gewas
- ❖ Drempelwaarde vir elke plaag

- ❖ Klimaatstoestande en weervoorspelling
- ❖ Gewas se opbrengspotensiaal
- ❖ Koste van 'n bespuiting teenoor ROI (return on investment)

1. Stadium van die gewas

Plantluise kan ernsige skade aan jong canolasaailinge veroorsaak, maar ouer plante kan 'n relatief hoë plantluis druk hanteer. Bolwurm en ruitrugmot larwes wat in die vegetatiewe groeistadium voorkom en net op blare voed sal onwaarskynlik ekonomiese opbrengsverliese veroorsaak, maar na jong peule begin set, kan groot skade berokken word.

2. Drempelwaarde vir elke plaag

Hoeveel produsente sal wag tot daar ten minste 20 ruitrugmot larwes op die laatblomstadium voorkom voor hy 'n bespuiting sal oorweeg? Australiese data bewys dat, indien daar gewag word om te kyk of die getal by die volgende monitering wel toegeneem het, die invloed van natuurlike vyande 'n bespuiting sou gespaar het. In navorsingsproewe is gevind dat in persele waar insekdoders gespuit is, is parasitisme van ruitrugmot larwes en papies tussen 5 en 10 % teenoor die onbespuite persele waar tot 90% parasitisme voorgekom het. 'n Groot

getal larwes minder as 3mm in lengte toon egter dat die populasie aan die toeneem is.



Foto 1: Volwasse skilpadkewer en larwe (P Lombard)

3. Klimaatstoestande en weer-voorspelling

Dit is 'n bekende feit dat meeste peste se getalle vinnig toeneem onder warm, droë toestande. Die lewensiklus van die ruitrugmot word binne 14 dae voltooi by 28°C maar sal meer as 100 dae neem by 12°C. Insekgetalle neem baie keer af tydens koel, nat en winderige toestande. As reën voorspel word, moet 'n bespuiting uitgestel word en eers weer gemonitor word voor daar gespuit word.

4. Gewas se opbrengspotensiaal

Dit is vanselfsprekend dat die kanse om enige insetkoste te verhaal groter is by 'n hoë opbrengspotensiaal gewas. Daarteenoor is plante onder

stremming meer vatbaar vir peste en plaë, wat die besluit om te spuit al dan nie verder bemoeilik. Hoe laer die potensiaal, hoe meer rede om die natuur eers kans te gee om die besmetting onder die drempelwaarde te bring.

5. Koste van `n bespuiting teenoor ROI

Hierdie punt sluit aan by punt vier. Bereken die koste van die produk + toedieningskoste asook die hoeveelheid canola wat jy moet wen voor jy `n besluit neem om te spuit al dan nie. Navorsing toon dat, met die uitsondering van uitsonderlike gevalle waar insekgetalle ontplof het agv. uiters gunstige toestande, dit selde sou betaal het om te spuit voor die drempelwaardes oorskry is. Waar ruitrugmot getalle ontplof en die

canola in `n gevoelige stadium is, is dit baie keer nodig om twee keer binne 10 dae te spuit aangesien `n enkel bespuiting nie al die stadia van ontwikkeling sal beheer nie.

Ek sluit af met `n paar kern gedagtes.

Monitor gereeld – ten minste weekliks en meer in die vestigingsstadium van die canola. Moet nie spuit voor die drempelwaardes van elke pes bereik is (Canolaproduksiehandleiding en Canolafokus No. 54)

Moet nie insekdoders by ander spuitmiddels voeg vir die wis of die onwis nie – dit roei predatore en parasiete onnodig uit.

LEER JOU ONBETAALDE WERKERS KEN – hulle kan jou baie geld spaar!

Navrae: Direktoraat Plant Wetenskappe, Wes-Kaapse Departement van Landbou, Privaatsak X1, Elsenburg, 7607, Tel 8085321. pietl@elsenburg.com

Redaksie: PJA Lombard, J Bruwer & Prof A Agenbag

Geborg deur die Proteïennavorsingstigting

Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.



PROTEÏENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION